# WAGYUVERS BEHAAL R410 000

Pryse op die nasionale Wagyu-veiling op Parys het gewys dat uitstekende teelmateriaal goeie pryse sal behaal, aldus die Wagyu-telersgenootskap.

Die duurste dier was 'n vers (**foto**) wat teen R410 000 deur dr. Ryan Jeffery van Gauteng aan mnr. Gerald Dreyer van Oos-Londen verkoop is. Die duurste bul is teen R230 000 verkoop. "Dit is egter ook vir die kommersiële boer redelik bekostigbaar om uitstekende bulle te bekom om tot die mark te kan toetree," sê 'n woordvoerder. Volgens die telersgenootskap word 'n premie van tot 30% deur sekere voerkrale vir Wagyu-kruiskalwers betaal. 'n Kommersiële bul wat teen tot R120 000 gekoop word, is volgens die genootskap dus steeds 'n winskoop.

Altesame 48 lotte is op die veiling aangebied en teen gemiddeld R86 770 verkoop. Verse het gemiddeld R128 000 behaal, koeie gemiddeld R77 500, koeie met kalwers gemiddeld R135 000 en bulle R62 000.

Die omset van die veiling was R4,165 miljoen. BKB het die veiling aangebied.

## VENTERSBURG / BONSMARA / R250 000

Die duurste bul (**foto**) op mnre. Martiens Aveling en Neels de Villiers se negende produksieveiling van diere uit hul Bonsmarastoetery Hayfield, Ventersburg, is teen R250 000 verkoop. Die Bibbey Boerdery van Frankfort was die koper. Die aanbod het bestaan uit 35 bulle en 157 vroulike diere. Kommersiële bulle het gemiddeld R44 200 behaal. Koeie (3-in-1) het gemiddeld R18 166 behaal, dragtige koeie gemiddeld R20 650 en dragtige verse gemiddeld R19 000. BKB Louwid Kroonstad het die veiling aangebied.

## CALEDON / MERINO / R33 000

Die duurste Merinoram op die 17de produksieveiling van mnr. Ben Brynard se Merinostoetery Vrugbaar (Calvinia) is teen R33 000 verkoop. Die veiling is op Caledon gehou. Die totale aanbod op die veiling is uitverkoop. By die duurste ram is, van links, mnre. Brynard, Thinus van Schalkwyk van BKB, Appie Maritz, afslaer, Geoff en me. Janette Kingwill, kopers, van Graaff-Reinet, en mnr. Abraham de Wee, hanteerder. Die gemiddelde prys van die 31 ramme was R14 838. Die veiling is deur BKB aangebied.

## MOORREESBURG / SA VLEISMERINO / R30 000

Die totale aanbod van 46 SA Vleismerinoramme is uitverkoop op die 34ste produksieveiling van mnre. Hannes Kotze en Gawie Carstens se stoetery Alexandershoek, Moorreesburg. Die duurste ram is teen R30 000 aan mnr. Jacques Bester van Moorreesburg verkoop. By die ram is, van links, mnre. Pieter Groenewald van BKB, Hannes Kotze, verkoper, Appie Maritz, afslaer, Bester, Jeremy Cleophas, kuddemeester van Alexandershoek, en me. Michele Ziervogel van Absa (borg). Die ramme het gemiddeld R11 492 behaal. BKB het die veiling aangebied.

## CALEDON / DOHNE-MERINO / R20 000

Die totale aanbod van 42 Dohne-Merinoramme is op die 31ste produksieveiling van me. Marcelene van Rooyen se stoetery Mullersvlei (Calvinia) op Caledon teen gemiddeld R6 452 uitverkoop. Die duurste ram is teen R20 000 aan die Vyekraal-boerdery, Darling, verkoop. Van links is mnre. Appie Maritz, afslaer, Simon Matthysen van BKB, me. Marcelene van Rooyen, mnre. Thinus van Schalkwyk van BKB, André Loedolff, koper, Jan Dienie, hanteerder, en Ian Groenewaldt, koper. Die veiling is deur BKB aangebied.